NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
INSTITUSIONELE KANTOOR

Beleid vir Aanvullende Onderrig aan die NWU

Verwysingsnommer	8P/8.4.1
Verantwoordelike uitvoerende bestuurder	Adjunk-visekanselier: Onderrig-leer
Beleideienaar	Institusionele Direkteur: Onderrig-leer
Verantwoordelike afdeling	Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning
Status	Goedgekeur
Goedgekeur deur	Raad
Datum van goedkeuring	10 Junie 2011
Wysigings	
Datum van wysigings	
Hersieningsdatum	Einde 2012
Webadres van hierdie beleid	http://www.nwu.ac.za/opencms/export/NWU/html/gov-man/policy/index.html
Adres op die beleid-databasis	RMAAVDM SHARE:\2. management\2.1.3 policy development and review\2.1.3.2 review\policy documents\8P-8.4.1-SI_a.doc
Prosedures/bylaes ingevolge hierdie beleid	AO-aanhangsel: Rolle en verantwoordelikhede en reëlings vir finansiële administrasie (8Pr/8.4.1) Bylae D: Beplanning en selfevaluering van AO-sessie deur AOL (8Pr/8.4.1-Bylae D) Bylae E: AO-bywoningsregister (8Pr/8.4.1-Bylae E) Bylae F: Kriteria vir evaluering van AO-sessies (8Pr/8.4.1-Bylae F) Bylae G: Eis vir AO-leiers/fasiliteerders (8Pr/8.4.1-Bylae G)

Beleid vir Aanvullende Onderrig aan die NWU

1 Aanhef

As ŉ toonaangewende universiteit in Afrika, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie, met ŉ unieke institusionele kultuur gegrond op die waardes wat die Universiteit voorstaan, het die Noordwes-Universiteit hierdie beleid oor Aanvullende Onderrig op 10 Junie 2011 aanvaar.

2 Die doel van die beleid

Die doel van hierdie beleid is om te verseker dat addisionele akademiese steun vir studente aangebied word waar nodig, deur die verskaffing van Aanvullende Onderrig (AO) wat konsekwent betroubaar, geldig en doelgerig is en sodoende die retensie-, deurvloei- en graadverwerwingskoers verbeter.

3 Omskrywing van konsepte

3.1 Aanvullende Onderrig

Aanvullende Onderrig is ŉ eweknie-mentorprogram wat in hoofstroom akademiese programme aangebied word en wat die beginsels van eweknie- samewerkende, aktiewe en innoverende leer benut en inkorporeer. Alhoewel AO in 1973 deur die Universiteit van Missouri in Kansas City (UMKC) ontwikkel is, en as eienaars en kopiereghouers van die program optree, het die NWU as streekskantoor toegang tot al die materiaal en navorsing wat regoor die wêreld oor die voordele en impak van AO gegenereer word.

3.2 AO-gesertifiseerde opleier

ŉ AO-gesertifiseerde opleier is iemand wat deur UMKC gesertifiseer is om opleiding op universiteitsvlak te verskaf aan toesighouers, gevorderde toesighouers en AO-leiers.

3.3 AO-kampuskoördineerder/toesighouer

AO-kampuskoördineerders of toesighouers is adviseurs m.b.t. akademiese steun aan studente in die kampus se Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning (AOO) / Akademiese Steundienste (AS) / Sentrum vir Akademiese Ontwikkeling-eenhede (SAO-eenhede) wat alle AO-program-verwante projekte op die kampusse koördineer en implementeer. Hierdie adviseurs ontvang opleiding deur ŉ gesertifiseerde AO-opleier oor AO-beginsels en mentorbestuurstrategieë.

3.4 AO-skool/departement-koördineerder

Elke skool of departement benoem ŉ AO-skoolkoördineerder om die institusionele projekleier en AO-kampuskoördineerders by te staan met die kommunikering van inligting oor die AO-program aan alle akademici in hul onderskeie skole of departemente.

3.5 AO-leier/fasiliteerder

ŉ AO-leier of fasiliteerder is ŉ senior student wat die module suksesvol voltooi het waarin hy/sy fasiliteer, en opleiding ondergaan het oor die AO-beginsels van samewerkende fasilitering van klein groepe.

3.6 AO-mentors

ŉ AO-mentor word aangestel deur kampus-AO-koördineerders. Die AO-mentor moet verkieslik ŉ ervare fasiliteerder wees wat koördineer tussen deelnemende dosente, fasiliteerders en die kampus-AO-koördineerders wat verantwoordelik is vir die implementering van AO.

3.7 Risikomodules

Risikomodules is modules met groot groepe, van 150 studente en meer, met uitdagende of “nuwe” inhoud en ŉ eksamenslaagsyfer van 50% en minder.

3.8 AO-sessies

AO-sessies is gratis en nie-verpligte sessies wat addisionele leergeleenthede aan studente bied, en studente wat aanvanklik minder goed voorberei is proaktief ondersteun sodat hulle sukses kan behaal in akademies veeleisende modules sonder om die module se akademiese standaard te verlaag.

4 Beginsels vir die implementering van AO by die NWU

Die seleksie van modules waarin AO geïmplementeer is, word op die volgende beginsels gebaseer:

(i) Risikomodules. Dit beteken dat die fakulteit wat AO-fasilitering vir daardie module versoek, moet kan bewys dat die module oor ŉ tydperk van 2-5 jaar swak deurvloeisyfers getoon het

(ii) Risikomodules met groot groepe studente moet oorweeg word vir die implementering van AO

(iii) Die moeilikheidsgraad van die uitkomstes en inhoud met betrekking tot die module. Die fakulteit wat AO-fasilitering versoek behoort ŉ evaluering van die moeilikheidsgraad van die uitkomstes en inhoud van die module in hul versoek vir AO-implementering te voorsien.

5 Bestuurs- en bedryfsprosedures vir Aanvullende Onderrig aan die NWU

Aanvullende Onderrig word bestuur deur middel van ŉ gesentraliseerde geïntegreerde bestuursmodel bestaande uit die volgende rolspelers: die Institusionele gesertifiseerde opleier (AO-bestuurder) in die kantoor van die Institusionele AOO as die projekeienaar, in samewerking met die projekspan bestaande uit al die AO-kampuskoördineerders van al die kampus-AOO/AS/SAO-eenhede oor die drie kampusse heen.

Die geïntegreerde model behels ŉ veelfasettige benadering van koördinering en fasilitering vir die verskaffing van ŉ diens aan studente, dosente en die NWU. Dit word bereik deur sentralisering van die AOO-begroting by die Institusionele AOO en operasionalisering van die AO-program deur implementering daarvan op kampusvlak.

Die AO-bestuurder rapporteer aan die Institusionele Direkteur: Akademiese Ontwikkeling en Ondersteuning, wat op sy/haar beurt aan die Adjunkvisekanselier: Onderrig-leer rapporteer. Die kampus-AO-koördineerders rapporteer aan hul onderskeie kampus-AOO/AS/SAO-direkteurs, wat op hul beurt aan hul onderskeie kampusstrukture rapporteer. Die AO-bestuurder en sy/haar projekspan werk saam daaraan om die doelwitte van die AO-projek te bereik. Dit maak voorsiening vir koherente en onafhanklike institusionele kwaliteitversekering en standaardisering en gelykheid van voorsiening en diens aan studente en dosente oor al die NWU-kampusse heen.

Oorspronklike gegewens: Mariaan Klopper(10059695) C:\Documents and Settings\Administrator\Desktop\Beleide\8P-8.4.1_SI_a.doc
13 Julie 2011

Huidige gegewens: SHARE(10225676) 2. management\2.1.3 policy development and review\2.1.3.2 review\policy documents\8P-8.4.1-SI_a.doc
18 Julie 2011

Verwysingsnommer: 8P/8.4.1